

SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

A photograph of two women sitting at a table, smiling and looking at an open book. The woman on the right has long brown hair and is wearing a yellow top. The woman on the left has dark braided hair and is wearing an orange top. There are several other books on the table, and a bowl of green and yellow pears is visible in the foreground. The background is a soft, out-of-focus green wall.

3 VRIENDSKAPPE VIR GOD:

Die vreugde van betrokkenheid
by Sy sending



Revival & REFORMATION

Read Scripture with
the global Adventist
community.

Engage with prayer
needs from around
the world.

Discover spiritual
resources to help
you grow.

REVIVALANDREFORMATION.ORG

Inhoudsopgawe

1	Waarom getuig? – (27 Junie tot 3 Julie)	4
2	Oortuigende getuiens: Die krag van persoonlike getuienis – (4 tot 10 Julie)	12
3	Om mense deur Jesus se oë te sien – (11 tot 17 Julie)	20
4	Gebedskrag: Voorbidding vir ander – (18 tot 24 Julie)	28
5	Getuienis: Bemagtig deur die Gees – (25 tot 31 Julie)	36
6	Onbeperkte moontlikhede – (1 tot 7 Augustus)	44
7	Om die Woord met ander te deel – (8 tot 14 Augustus)	52
8	Om te dien soos Jesus gedien het – (15 tot 21 Augustus)	60
9	Om 'n gesindheid vir sielredding te kweek – (22 tot 28 Augustus)	68
10	Kleingroepies – tesame en betrokke! – (29 Augustus tot 4 September)	76
11	Om jou verhaal van Jesus mee te deel – (5 tot 11 September)	84
12	'n Waardevolle Waarheid aan die wêreld – (12 tot 18 September)	92
13	'n Geloofsprong vir Christus – (19 tot 25 September)	100

Redakteurskantoor
Rig navrae in Engels aan
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904,
United States of America

Besoek gerus ons webwerf by
<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraes
Gelewer deur Mark Finley

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder
Tricia Wegh

Grafiese Ontwerper
Lars Justinen

©Alle kopieregte 2020 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Derde Kwartal), mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van

die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofdraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalinge en/of -vertalings
Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die derde kwartaal 2020 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal:
Skriiaanhalings gemerk NLV is onderskeidelik geneem uit Die Nuwe Lewende Vertaling ©2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.
Skriiaanhalings gemerk OAB is onderskeidelik geneem uit Die Bybel in Afrikaans ©1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Skriiaanhalings gemerk NAB is geneem uit Die Bybel in Afrikaans ©1983, 1992. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

E.G. White-aanhalinge in Afrikaans
Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalinge wat in dié handleiding gebruik word, is vrylik vertaal deur die vertaler. Die vermeldde bladsynommers stem egter ooreen met dié soos genoem in die Engelse bronteks van die bybellesstudiegids.

Vriendskappe vir God: Die vreugde van betrokkenheid by Sy sending



Soms het 'n enkele gedagte 'n trefkrag wat diep tot 'n mens deurdring en dan 'n mens se lewe eensklaps verander. 'n Aantal jare gelede was ek en my kollegas in 'n predikantsvergadering. In 'n stadium neem die gesprek 'n wending, en ons begin om oor dinge soos persoonlike bediening, getuienis en evangelisasie te praat. Toe sê een van my vriende min of meer die volgende: “Sending is hoofsaaklik God se taak. Hy span al die hulpbronne van die hemel in om ons planeet te red. Ons taak is samewerking, om met 'n vreugdevolle gees hand by te sit in God se reddingstaak.” Meteens voel dit asof 'n swaare las van my skouers gelig word. Dit is nie my taak om die verlore mensdom te red nie. Dit is God s'n. My plig is om bloot my samewerking te gee, om 'n medewerker van Hom te wees in die taak waarmee Hy reeds besig is.

Die idee dat sendingwerk God se taak is, blyk ook duidelik uit die Skrif. Salomo stel dit só: “Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd” (*Pred. 3:11*) of soos die Nuwe Lewende Vertaling dit stel: “Hy het aan die mens 'n visie gegee van die ewigheid.” In elkeen van ons plaas God, by geboorte, 'n begeerte na die ewigheid. Dit is in die wese en weefsel van die mens. Die kerkvader Augustinus het eenmaal gesê: “Heer, ons is gemaak vir U, en ons sal nooit tot rus kom totdat ons dit by U vind nie.” In die Evangelie volgens Johannes is Jesus (in vele opsigte) die lewenslig aan elkeen wat op aarde gebore word (*hfst. 1:9*). God plaas nie net in elkeen van ons 'n begeerte na Homself nie, Hy stuur ook sy Heilige Gees om ons nader aan Hom te trek.

Elke begeerte om reg te doen, elke sondebef, kom deur die fluistering van die Heilige Gees. Elke begeerte na die goeie, en elke neiging tot goedhartigheid en onbaatsugtigheid,

begin by die Heilige Gees. Selfs al verstaan of besef 'n mens dit nie ten volle nie, werk die Heilige Gees in ons lewens om ons nader aan Jesus te trek (*Joh. 16:7-15*). Tog is Jesus self die grootste gawe ooit.

Toe die mensdom geheel en al in sonde verlore was – gedoem tot 'n ewige dood – het die liefde van God die voortou geneem. Let op Jesus se woorde: “Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is” (*Luk. 19:10, NAB*). In dié verband skryf die apostel Paulus: “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (*Rom. 5:8, NAB*). Ter verlossing van die mens het God die eerste stap gedoen. Christus het die prag en praal van die hemel agtergelaat en na hierdie planeet gekom – 'n wêreld vasgevang in die duister greep van sonde – sodat Hy 'n reddingspoging kon uitvoer.

Voordat ons 'n enkele treetjie in sy rigting kon gee, het God reeds 'n reuse sprong tot by die mens gegee. Voordat ons ons lewe vir Christus gegee het, het Hy ons reeds verlossing deur Sy dood geskenk. Toe ons nog Sy vyande was, was Hy reeds ons vriend. Toe ons anderpad gekyk het, het Hy reeds in ons rigting gekyk. Toe ons ons nie veel aan Hom gesteur het nie, was Hy diep besorgd oor ons.

In Lukas 15 is Jesus die goeie herder wat onverpoosd na sy verlore skaap soek. Hy is ook die vrou wat angstig na die verlore silwer muntstuk uit haar bruidskat soek; en die bejaarde vader wat, sonder om te dink, sy verlore seun tegemoet hardloop. Ellen G. White gee ons baie stof tot nadenke in dié verband. Let op haar treffende woorde: “Die groot verlossingsplan is reeds voor die grondlegging van die wêreld beraam. Tog is hierdie wonderbaarlike plan – ter betaling van die mens se losprys – nie iets wat Christus alleen onderneem het nie. Voor die skepping van die aarde is dit bespreek. God die Vader en God die Seun het ooreengekom: as die mensdom nie lojaal aan God sou bly nie, sal Christus – Hy wat een met die Vader is – die oortreder se plek inneem en ter wille van geregtigheid die straf op Hom neem” (*The Advent Review and Sabbath Herald*, 15 November 1898).

Bepens dit vir 'n oomblik: om medewerkers van Christus in sy verlossingstaak te wees. 'n Ongelooflike voorreg en ontsaglike verantwoordelikheid het ons te beurt geval, 'n taak wat ons ewige blydskap bied! Dít is waaroor dié kwartaal se lesse gaan.

Mark Finley is gebore in die Amerikaanse staat Connecticut. Hy is 'n wêreldbekende evangelis en was van 2005 tot 2010 'n vise-president van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk. Na sy aftrede word hy aangestel as 'n assistent vir die president van die Wêreldkonferensie. Leraar Finley en sy vrou, Ernestine het drie kinders en vyf kleinkinders.